



Hoërskool Oosterlig

Graad 10 Geografie : Vorderingverslag Opdrag 6

Moderator: Mnr Bradford

Eksaminatrise: Me. S. HERMAN

Datum ontvang: ¹⁵ ~~17~~ Julie 2020

Inhandigings datum: ²² ~~17~~ Julie 2020

Vakonderwyser: Me S. HERMAN

NAAM:

Instruksies:

1. Beantwoord alle vrae op hierdie papier asseblief.
2. Werk Netjies
3. Bronne : Handboek bladsy 122 tot 129 asook Werkkaart 3 en 4

15

VR AAG 1 Lees die volgende gevallestudies deeglik voordat jy die vrae beantwoord

GEVALLESTUDIE: TWEE AARDBEWINGS SKUD CHRISTCHURCH

*Christchurch, op die Suideland, is Nieu-Seeland se tweede grootste stad. Twee aardbewings het onlangs binne die bestek van sowat 'n jaar die stad getref. Die eerste een, wat in September 2010 plaasgevind het, het 7,0 op die Richterskaal gemeet, maar ondanks die geweldige skade het niemand gesterf nie. Die **episentrum** was 30 km weg van die stad, en dit was diep. Dit het in die vroeë oggendure om 04.35 vm. plaasgevind, wat gedeeltelik verklaar hoekom daar geen sterfgevallen was nie.*

*Die jongste aardbewing, op 22 Februarie 2011, was slegs 6,3 in intensiteit, wat heelwat minder kragtig is. Die verskuiwing het egter reg onder die stad op 'n vlak diepte voorgekom, en dus was die skade baie erger. Die **fokus** van die aardbewing was op 'n diepte van 5 km en sowat 2 km vanaf Christchurch. Dit het om 12.51 nm. plaasgevind. Na die aardbewing van 2010 wat 7,0 in intensiteit op die Richterskaal was, het Christchurch nie verwag om binne die bestek van 'n jaar 'n tweede groot aardbewing te beleef nie.*

IMPAK VAN DIE JONGSTE AARDBEWING

- 181 dood (soos op 3 Mei 2011).
- 80% van die stad het geen elektrisiteit gehad nie.
- Watervoorsiening en rioolverwydering is erg ontwrig.
- Paaie en brûe is beskadig.
- Baie geskiedkundige geboue is beskadig of verwoes.

1.1	In watter land het die aardbewing in die leesstuk voorgekom? (1)	
1.2	Sou jy die aardbewing klassifiseer as sterk of swak? (1)	
1.3	Gee `n bewys vir jou antwoord in vraag 1.2 (1)	
1.4	Gee DRIE DIREKTE gevolge van `n aardbewing (3)	
1.5	Gee DRIE INDIREKTE GEVOLGE van Aarbewings. (3)	
1.6	Gee VIER maatreëls wat getref kan word om die effek van aardbewings te verminder. (4)	
1.7	Noem TWEE maniere hoe aardbewings "voorspel" kan word (2)	